

Orion Minerals

SIYATHEMBA & VANWYKSVLEI

# MYNuusblad



## Orion voldoen aan die voorwaardes vir die eerste uitbetaling van fondse om ontwikkeling by PCZM te begin

**Orion Minerals het in Julie aangekondig dat ons aan die voorwaardes voldoen het wat ons in staat stel om die eerste uitbetaling van R370 miljoen van ons projek ontwikkelings fonds te begin, wat mynbou ontwikkeling en konstruksie by die Prieska Koper Sink myn (PCZM) insluit. 'n Uitbetaling is die proses waar fondse beskikbaar word onder 'n lening- of finansierings ooreenkoms.**

Dit beteken dat ons nou aan alle voorwaardes van beide die vorige aangekondigde R250 miljoen Industrial Development Corporation Convertible Loan en die Triple Flag A$10 miljoen (R123 miljoen) Finansierings ooreenkoms voldoen het. Die uitbetaling van hierdie fondse sal in fases plaasvind, met die eerste uitbetaling van R167 miljoen.

"Dit is nog 'n belangrike mylpaal terwyl ons een vir een die blokkies nagaan vir die ontwikkeling van ons twee belangrike edel-metaal spilpunte in die Noord-Kaap van Suid-Afrika," het Orion se Hoof Uitvoerende Beampte, Errol Smart, gesê.

## Wat is die volgende stappe?

Die fondse sal gebruik word om met die ontwikkeling en proef mynbou by PCZM te begin. Ons is tans besig om 'n opgedateerde haalbaarheids studie te voltooi vir ons vroeë ontwikkelings plan vir PCZM, wat mynbou-ontwatering insluit. Die mynbou-ontwaterings voorbereidings het reeds gevorder met die ontvangs van die ontwaterings pompe, waar die konstruksie voltooi is vir die ondergrondse opgaardamme, 'n pomp terrain en skagplatform.

## Minerale opdatering vir PCZM

Ons het die opgedateerde Minerale Hulpbronne-skatting (MRE) vir die +105m Level Crown Pillar Blok by die PCZM-projek voltooi. MRE word gebruik om die kwaliteit en hoeveelheid van 'n minerale deposito ondergronds te identifiseer. Die opgedateerde MRE vir die oppervlakkige deel van die Prieska-deposito is die fokus van ons proef mynbou program.

Die opgedateerde MRE is gebaseer op 'n suksesvolle boor program wat in 2022 voltooi is. Dit vorm deel van ons strategie om PCZM terug in produksie te bring. Die MRE het 'n goeie vroeë mynbou geleentheid vir ons aangedui, en uiteindelik ook vir ons omliggende gemeenskappe.

## Aanstelling van 'n Proef Mynbou kontrakteur

Orion het 'n ses maande proef mynbou-kontrak aan P2 Mining, 'n filiaal van die Suid-Afrikaanse mynbou kontrakteur Newrak Mining Group, toegeken om die proef ondergrondse mynbou program by PCZM uit te voer.

Newrak het 'n operasionele geskiedenis van 28 jaar en sal met 'n vloot van konvensionele laai-, sleep- en loslaai-laaigrawe werk. 'n Vorige produksie bestuurder van die Prieska Koper myn sal deel wees van die Newrak-span en onvervangbare bedryfs ondervinding na Prieska bring. Orion het verseker dat die proef mynbou as 'n platform gebruik sal word om plaaslike gemeenskaps lede se vaardighede op te bou en te lei.

## Gemeenskaps voordele van 'n proef mynbou-kontrak

Newrak bring ervaring en vaardighede wat nie in die gasheer gemeenskap beskikbaar is vir die aanvang van bedrywighede nie, maar as deel van hul kontrak is daar ingestem om lede van die gasheer gemeenskap vir opleiding en vaardigheids oordrag oor die proef mynbou periode in diens te neem.

Lede van die gasheer gemeenskap wat voorheen aan Orion se 'Inleiding tot Mynbou' kursus en beroeps evaluerings deelgeneem het, het deel gevorm van die eerste groep van 20 leerlinge wat vir Bevoegdheid B-opleiding aan die Murray en Roberts Opleiding sentrum in Carletonville gekies is, het hul opleiding op 3 September 2023 begin. Hierdie eerste groep leerlinge het die opleiding voltooi en meer sal volg, insluitend vroulike deelnemers, in die komende weke.

Wanneer hulle hul bevoegdheids opleiding suksesvol voltooi, sal hierdie leerlinge oorweeg word vir voortgesette opleiding onder die toesig van Newrak.

Orion en Newrak het ook ooreengekom om met die mees mededingende van die onsuksesvolle gasheer gemeenskap tenderaars vir die proef mynbou-kontrak in gesprek te tree om moontlike samewerking en kapasiteits opbou geleenthede tydens die kontrak periode gesamentlik te verken.



*Binne die Murray en Roberts Opleidingsentrum*

## Siyathemba-gemeenskap opdatering

Gedurende Julie het ons nou saam met die Siyathemba Belanghebbende Betrokkenheid verteenwoordigers gewerk om gemeenskap terugvoer vergaderings in die Vanwyksvlei, Marydale en Niekerkshoop-gebiede te hou. Deur hierdie vergaderings te hou, wil ons verseker dat ons al ons gemeenskappe op hoogte hou van die nuutste Orion-nuus en verwikkelinge in die area, en om seker te maak dat ons direk met gemeenskaps lede praat en enige vrae en bekommernisse wat u mag hê, te kan aanspreek. Ons is dankbaar vir almal wat aanhou om hierdie sessies te ondersteun en by te woon.

## Geen planne om gemeenskappe met huidige projekte te verplaas nie

Orion wil graag gerugte aanspreek oor die verplasing van gemeenskaps lede weens die ontwikkeling van sy projekte. Geen verskuiwing van die wettige wonings van enige gemeenskaps lede sal voortspruit uit die ontwikkeling en implementering van enige van Orion se projekte nie, insluitend PCZM, die Jacomynspan-projek en die Okiep-koperprojek.

## Orion wen die AAMEG Afrika-toekenning vir sy leierskap in ESG

Orion het die AAMEG se Opkomende ESG-leierskap toekenning ontvang by die Africa Down Under-konferensie. Die toekennings word toegeken aan Australiese maatskappye wat uitstekende werk in omgewings-, sosiale en bestuur (ESG) in Afrika verrig.

Dit is die tweede toekenning wat Orion van AAMEG ontvang het nadat hulle in 2020 die Opkomende ESG-leierskap toekenning gewen het. Hierdie jaar se toekenning erken Orion se benadering tot gemeenskap deelname in sy projekte, veral sy Gemeenskap deelnemings raamwerk wat by PCZM ontwikkel is.

Orion bly aandring op gemeenskap betrokkenheid in sy bedrywighede deur doelwitte van 50% indiensneming, 30% aanskaffing van goedere en dienste, en 40% onder kontrakterings geleenthede.

